



SAMESTELLING	D-Tech HPK	Mengsel 1
Nutriënt	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	450	138
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	54.21%	30.15%
Ureum (maks.)	85	14.5
Vog (maks.)	120	120
Ru-vet (min.)	20	25
Ru-vet (maks.)	70	70
Ruvesel (maks.)	120	60
Kalsium (min.)	40	2.5
Kalsium (maks.)	60	3.5
Fosfor (min.)	5.6	2.5
Ca:P Verhouding	1.6-3.64:1	1-3:1
Magnesium (min.)	5	
Sulfaat (min.)	5	
Kalium (min.)	35	
Yster (min.)	250 mg/kg	
Koper (min.)	40 mg/kg	
Mangaan (min.)	160 mg/kg	
Sink (min.)	180 mg/kg	
Kobalt (min.)	0.65 mg/kg	
Jodium (min.)	3 mg/kg	
Selenium (min.)	0.5 mg/kg	

VOER AANBEVELINGS

- Hierdie is 'n hoë energie voer en diere moet aangepas word.
- Voldoende weiding/ruvoer moet deurgaans beskikbaar wees.
- 'n Gereelde daaglikse inname kan rumen verteringsteurnisse help voorkom.
- Hou bakke vol om gulsige vreet deur honger diere te voorkom.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.

Vorm: Meel | Verpakking: 40 kg Sakke

MENG INSTRUKSIES

Meng INSTRUKSIES	Mengsel 1
Bestanddele	Kg
Mieliemeel, Hominy chop, Koringsemels ¹	700
D-Tech HPK	160
Molassemeel ²	80
Totaal	940

¹ Mieliemeel (80g/kg proteïen op soos gevoer basis).

² Indien melassemeel/stroop nie gebruik word nie kan dit in gelyke hoeveelhede deur 'n energiebron (bv. mielies) vervang word.

Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur oor die korrekte gebruik en aanbevelings met ander grondstowwe.

Hoë kwaliteit konsentraat vir uitgroei en afrond van speenkalwers, bulle, verse en skoudiere

- Geskik vir vermenging van voere vir jong groeiende asook volwasse beeste.
- Finale mengsels voorsien optimale kwantiteit en kwaliteit energie, natuurlike proteïen, NPN, minerale en spoorminerale vir maksimum prestasie.
- Finale mengsels voorsien hoë vlakke van rumen verbyvloei-proteïen en energie vir verbetering van GDT.
- Finale mengsels word aanbeveel vir Fase C, -D en skoudiere.
- Finale mengsels word aanbeveel vir verse op natuurlike weiding om dekmassa vroeër te bereik.
- Bevat medikamente om die doeltreffendheid van energie benutting te verbeter.

GEBRUIKSAANWYSINGS

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (Bv. Ureum) is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoere voer nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir die nodige aanbevelings.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Pas diere geleidelik oor 14 dae aan op die finale mengsel om suurpens te voorkom.
5. Diere moet vrye toegang hê tot die finale mengsel.
6. Voorsien voldoende kripspasie om oorvreet te voorkom.
7. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die produksie status van diere en die kwaliteit en kwantiteit van die weiding.

AANBEVOLE INNAME

Aanpassingsperiode van 14 dae is uiters belangrik

Dag 1-4	Beperk inname van mengsel tot 3kg of 1.4% van liggaamsmassa per dier per dag plus voldoende weiding of ruvoer <i>ad lib</i> .
Dag 5-10	Beperk inname van mengsel tot 4kg of 1.8% van liggaamsmassa per dier per dag plus voldoende weiding of ruvoer <i>ad lib</i> .
Dag 11-14	Beperk inname van mengsel tot 5kg of 2.3% van liggaamsmassa per dier per dag plus voldoende weiding of ruvoer <i>ad lib</i> .
Dag 15+	Voer 2.4% - 2.6% van liggaamsmassa en hooi <i>ad lib</i> indien diere geen tekens van suurpens toon nie. Diere behoort 85% van hul totale voer inname in te neem in die vorm van finale D-Tech mengsel en die res hooi <i>ad lib</i> (8.35kg/320kg dier/dag)

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens instruksies.